higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

13 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

568Q1S2013

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.110) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Inligting deur onderhoude ingesamel	A	vissery
1.1.2	Gemeenskapsgebaseerde organisasie	B	opnames
1.1.3	Voorbeeld van primêre bedrywe	C	oortrokke bankrekening
1.1.4	Bates wat maklik in kontant omgeskakel kan word	D	bedryfsbates
1.1.5	Geld wat gebruik word om 'n onderneming uit te brei	E	organisasie sonder winsbejag
1.1.6	Voorbeeld van korttermynlening	F	groeikapitaal
1.1.7	Slegs een persoon besit die onderneming	G	privaat maatskappy
1.1.8	Todar (Edms) Bpk	H	teikenmark
1.1.9	Persoonlike of sakebates wat 'n lener moontlik as sekuriteit vir terugbetaling van die lening kan aanvaar	I	aanvullende sekuriteit
		J	alleenhandelaar
1.1.10	Groepe klante, huidig en potensieel, wat waarskynlik produkte/dienste sal koop		

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee 'n rede vir die antwoord.

1.2.1 'n Naverkoopsvraelys is 'n instrument om klante se sienings te bepaal nadat hulle 'n produk gebruik het of die onderneming besoek het.

1.2.2 'n Handelskamer is nie 'n voorbeeld van 'n professionele liggaam nie.

1.2.3 Vaste koste verander volgens die aantal produksie-eenhede.

1.2.4 Die prosesse waardeur 'n produk of diens vanaf grondstof tot eindgebruik gaan, word die waardeketting genoem.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Die Internet is 'n metode wat gebruik kan word om primêre data in te samel.

1.2.6 Die punt waar totale inkomste gelyk is aan totale koste word die winsdrempel genoem.

1.2.7 Produkte is een van die elemente in die bemarkingsmengsel.

1.2.8 'n Beslote korporasie kan steeds voortbestaan nadat 'n lid oorlede is.

1.2.9 Dit is belangrik dat 'n nuwe onderneming kennis dra van die basiese behoeftes van mense van verskillende sosio-ekonomiese groepe.

1.2.10 Sekuriteit is die beskikbaarheid van kos, klere en behuising vir die afsienbare toekoms.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies 'n reguleringsgesag uit die lys wat verantwoordelik is vir die regulering van die situasies hier onder. Skryf slegs die reguleringsgesag langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

SAKO ('SAQA'); OKASA ('ICASA'); SABS; JSE; OVK ('IEC'); NERSA

1.3.1 Radio en kommunikasie

1.3.2 Standaarde van produkte

1.3.3 Elektrisiteit

1.3.4 Gehalte van onderwys

1.3.5 Stemmery

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Dora wil haar eie motorwassery genaamd **SPEEDY WASH** stig. Sy vra jou raad oor die basiese bemarkingsbeginsels.

2.1 Moet sy haar onderneming naby aan 'n ander motorwassery oopmaak? Motiveer jou antwoord. (3)

2.2 Noem VIER basiese bemarkingsbeginsels. (4)

2.3 Tabuleer DRIE verskille tussen 'n produk en 'n diens. (6)

2.4 Noem TWEE bedryfsbates wat nodig is om die volgende ondernemings te bestuur:

2.4.1 Motorwassery

2.4.2 Internetkafee

(2 × 2) (4)

2.5 Noem VIER segmente van 'n teikenmark en gee 'n voorbeeld van elkeen. (8)
[25]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die kontantvloei-begroting vir **SPEEDY WASH** deur slegs die ontbrekende getalle langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KONTANTVLOEI-BEGROTING VIR SPEEDY WASH		
	Februarie	**Maart**
Banksaldo aan die begin van die maand	R2 000	**(3.1.4)**
INKOMSTE		
Kontantverkope	R3 200	R4 100
Kredietverkope	R100	R400
Ander inkomste	R200	R250
TOTALE ONTVANGSTE	**(3.1.1)**	**(3.1.5)**
BETALINGS		
Kontantaankope	R1 800	R2 300
Maandelikse uitgawes	R200	R200
Ander betalings	R150	R250
TOTALE BETALINGS	**(3.1.2)**	**R2 750**
Banksaldo aan die einde van die maand	**(3.1.3)**	**(3.1.6)**

(10)

3.2. Noem VIER metodes waarop begrotings beheer kan word. (4)

3.3 Watter soort onderneming is Speedy Wash? Staaf jou antwoord. (2)

3.4 Noem DRIE eienskappe van die volgende soorte ondernemings:

3.4.1 Openbare maatskappy

3.4.2 Privaat maatskappy

(2 × 3) (6)

3.5 Noem DRIE soorte reklamemedia waarvan ondernemings hoofsaaklik gebruik maak. (3)

[25]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF faktore wat kan verhoed dat mense 'n onderneming se produkte koop. (10)

4.2 Verduidelik kortliks DRIE metodes waarmee primêre data ingesamel kan word. (6)


4.3 Noem VYF faktore wat die prysbepaling van 'n produk beïnvloed. (5)

4.4 Verduidelik die verskil tussen *vaste bates* en *bedryfsbates*. (4)

[25]

VRAAG 5

Bestudeer die skaal hier onder en beantwoord die vrae.



5.1 Verduidelik kortliks die toestand van die onderneming. (2)

5.2 Stel die skaal die winsdrempel voor? Staaf jou antwoord. (3)

5.3 Noem VYF faktore wat mense motiveer om 'n produk of diens te koop. (5)

5.4 Kapitaal word benodig om 'n onderneming te stig.

5.4.1 Noem DRIE voordele verbonde aan die verkryging van lenings van vriende. (3)

5.4.2 Noem DRIE nadele verbonde aan die verkryging van lenings van vriende. (3)

5.5 Verduidelik die verskil tussen *primêre* en *sekondêre* data. (4)

5.6 Toon aan of die volgende ondernemings in die PRIMÊRE, SEKONDÊRE of TERSIÊRE sektor val deur slegs 'Primêre', 'Sekondêre' of 'Tersiêre' langs die vraagnommer (5.6.1–5.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.6.1 

5.6.2 

5.6.3 

5.6.4 

5.6.5 

(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou